JOSHUA 4 Oujaarsdiens 2009
TEMA: KRAG UIT DIE HART VAN GOD! Ds Okkie Cilliers (tel 083 262 6783)

Die einde van die jaar en die begin van ‘n nuwe een, het die gewoonte om ons te laat terugkyk en dan vorentoe te probeer kyk. As ons terugkyk is daar hoogtepunte maar ook talle laagtepunte – en daarom is dit eintlik *stupid* om vorentoe te probeer kyk. Want ons beplan hoogtepunte maar vergeet van die laagtepunte wat net om die hoek lê en loer. Ons pad met die Here het dieselfde geloop: hoogtepunte en laagtepunte en ons die volgende jaar gaan waarskynlik dieselfde lyk.

- Die geestelike is die een aspek van die lewe waar ons nie hoef te wonder oor wat gaan kom nie: wat jy saai oes jy en wat jy insit kom terug na jou toe!

Uit Joshua 4 kan bepaalde dinge gehaal word oor hoe die toekoms saam met God geloop word.

Die opdrag kom om klippe in die rivier op te tel en dit saam te dra na die plek waar oornag sou word en dan 'n altaar daarmee te bou.

- Wat is hier aan die gebeur?

Die priesters loop die Jordaan met die ark op die skouers binne en die rivier dam op iewers boontoe. Met die ark gaan staan hulle op 'n plek waar nog nooit mense geloop het nie en 12 mense moet dan by die ark verbyloop en daar uit die rivierloop 12 klippe optel om later 'n altaar mee te bou. Die klippe wat is nog ooit aan geraak het nie en nog nooit vir iets gebruik nie.

- Hierdie klippe word 'n simbool van uniekheid, heiligheid en God se krag: as julle gesien het wat die Here kan doen, doen julle iets terug en bou 'n altaar. As hulle kinders later vra wat dit beteken moet dit so aan hulle verduidelik word: op hierdie plek het die Here op 'n unieke manier vir ons herinner dat Hy die heilige God is wat ingryp in die Jordaan van die lewe.

Let mooi op wat doen die priesters. Hulle stap die water met die ark op hulle skouers binne. Die ark is die simbool van die teenwoordigheid van die Here en daarmee keer hulle die water weg: *hulle gaan staan tussen die mense en die moeilikheid.* Hulle teenwoordigheid hou die waters weg. Dit is nie moelik om te sien wat hier gebeur nie - die priesters word 'n tipe van 'n messias/redder. Solank hulle daar is word die water weggekeer en is hulle die beskerming teen die dood. En juis op die plek waar hulle met die ark staan, daar waar die hart van die beskerming is, moet 12 klippe opgetel word en daarmee moet 'n altaar gebou word. Hulle wat in aanraking met God se redding gekom het, moet 'n altaar bou om te sê dat hulle die Here se redding gesien het.

Eintlik is dit 'n mooi verhaal met mooi simboliek. Maar dit is baie meer as ‘n mooi verhaal met mooi simboliek. Want die opdrag is dat hierdie altaar 'n "blywende herinnering" moet wees, en enigiets wat so in die Ou Testament genoem word, het veel meer as wat dit op die oog af lyk: op 'n manier word dit 'n verwysing van wat Christus later sou kom doen het. Hier is dit ook die geval, en dis nie moeilik om te sien hoekom nie.

Die priesters gaan staan tussen die mense en die water en keer die dood weg. Jesus het dieselfde kom doen. Want ons het te doen met 'n heilige God wat in sy wese die sonde haat en daar niks mee te doen wil hê nie. Ons het ook te doen met die sondige mens wat in sy wese niks met God te doen wil hê nie. Hierdie absolute skeiding is nie iets wat die mens wil hoor nie, want ons kan/wil dit nie verstaan dat God in sy heiligheid die rug op die mens gedraai het nie. Ja, ons kan nie by God uitkom nie! Al wat die mens van God sien is sy woede oor die sonde. 'n Onverbiddelike eis word gestel dat daar betaal moet word om by God se woede verby te kom. Aan die een kant staan die heilige God wat roep na vergelding en aan die ander kant staan die sondige mens wat nie 'n kans het nie. *En Jesus gaan staan tussen die twee partye (omdat Hy altwee is) en keer die moeilikheid weg.*
God *vra vergelding deur bloed en Jesus gee dit.* ***Die mens*** *vra verlossing deur bloed en Jesus gee dit! Met 'n kruis gaan staan Hy tussen God en mens en keer die moeilikheid weg. Die vyande*

tussen God en mens (by name die Satan en die dood) keer Jesus met sy dood en opstanding op hul rug en Hy bring God en mens weer bymekaar uit.
Daar is net een pad deur die riviere van sonde terug na God toe en dit is deur die bloed van die Here Jesus - die dinge wat met sy dood en opstanding gebeur het, is dit wat die moeilikheid wegkeer. Sonder dit sal niemand die waters van God se oordeel kan wegkeer nie.

Die saak het nog ‘n kinkel. Die Jode moes klippe uit die teenwoordigheid van God se redding gaan haal het en daarmee 'n altaar gaan bou het. Die ooreenkomste wat dit met die Here Jesus gedoen het, is ook nie moeilik om raak te sien nie. 1 Pet 2:6 leer ons dat Jesus die klip/fondament geword het waarop nou gebou kan word - 'n klip wat uit die hart van God gekom het waarmee ons in die lewe kan werk. Daardie Klip is myne!! God het sy allerbeste vir my gegee en daarmee moet ek in die lewe werk. Dit beteken dat my klippe waarmee ek vir die Here iets wil doen die beste moet wees en moet pas by dinge wat uit God se hart kom. Met hierdie stelling sterf ook die romantiese beeld van God - die een dat Hy saggies en teer is en dat Hy sal verstaan hoekom ons sommer enige altaar vir Hom wil bou. Ja, Hy is saggies en teer en genadig, maar beslis ook heilig en regverdig.
God se reaksie is ononderhandelbaar in hierdie situasie. "*Julle bou vir My 'n herinneringsteken met heilige klippe. Ek is goed vir julle en keer die waters van die sonde en ander ellendes van julle af weg - julle bring nie enige ding as 'n offer vir my nie.* (Neem kennis van die geweldige woorde in vers 24.)

Twee dinge staan vandag uit:
1. Ons het moeilikheid - die waters van die Jordaan kom aangestorm. Daar is waters wat die Here oor my en jou persoonlik moet laat opdam, anders gaan ons verdrink.
2. Ek en jy moet klippe uit die hart van God se beskerming gaan haal en altare vir die lewende God bou.

Skielik is my Jordaan se waters baie en groot. Want ek kyk na binne en buite my en ek sien die manipulasie, die spanning, pyn, die vernedering… Ek sien hoe ek self en ander rondom my steier onder die waters van die lewe en hoe ons sukkel om staande te bly. Allerhande dinge word probeer met die rowwe rivier: sommige maak of hy nie bestaan nie en dink dat hy dan sal weggaan. *Hy bestaan en die Jordaan gaan nie weg nie.* Ander het hom mooi pienk geverf en 'n "for sale" bordjie op hom gesit met die hoop dat iemand anders dit aantreklik sal vind en sal koop. *Niemand gaan hom koop nie want elkeen het sy eie woelende/malende waters* Nog een probeer die waters dood drink… of gaan in sy werk op en dink dat hy dan van die Jordaan sal vergeet. *As jy nugter word of van die werk af terugkom, is die Jordaan steeds daar.* Daar is diegene wat so seer gemaak is deur die waters dat hulle net stom sit en niks kan doen nie. *Die waters gaan nie ophou maal nie en dit word mettertyd net sterker en jy gaan verdrink.* Jy kry die klomp wat woedend is oor die situasie en aan skelle gegaan het en baklei met die mense rondom hulle. *Al baklei jy tot die koeie huistoe kom, sal die waters nie iewers opdam nie*. Dan kom die verwyte teenoor ander en jouself: "As jy nie nie dit gedoen het nie sou dat nie gebeur het nie… Dis alles jou skuld… Hoe kon jy dit gedoen het… Wat het my besiel om hierby betrokke te raak…" *Verwyte kalmeer nie die rivier nie. Inteendeel; dit maak die waters net erger.* By sommige het bitterheid in die hart kom bly oor die Jordaan en die een wat die water gebring het. *Bitterheid is 'n verskriklike ding want dit maak van jou 'n aaklige mens.* Jy sien niks goed in ander nie en is alewig aan die fout soek; jy raak ongenaakbaar en wil ander mense se Jordaan net so rof soos joune maak. Mense begin jou dan vermy want hulle raak bang vir jou. … Ons weet nie mooi wat om met die water van die oujaar en die nuwejaar te doen nie.

- Waters wat op jou afstorm is ellendige goed en dit veroorsaak verskriklike dinge in mense se lewens. Dit breek gou-gou al die altare wat reeds in die lewe gebou is, af.

Jy moet baie versigtig wees wat jy met jou Jordaan doen. *Bedruk en in die Jordaan se waters moet ons uitroep: "Here, help ons want die waters is baie en groot."*

Hoe laat 'n mens die water bokant jou opdam?
Miskien moet eers gesê word hoe dit nie gedoen word nie: die waters van die lewe mag/kan nie sommer net op jou eie storm geloop word nie. Want as jy dit doen, is jy besig om met die Jordaan te maak wat jy dink reg is. Dan vat jy die verloop van die water wat moet vloei in jou eie hande en jy wil jou eie planne maak maak om deur die Jordaan te kom. En om te maak wat jy dink, voel hoop, glo, raai… wat reg is, werk nie. Eenvoudig omdat dit ander magte wat nie van God kom nie vrymag gee om met die Jordaan van die lewe te werk.
Sit die ark van die Here op jou skouer en loop die water binne! Maar hoe doen ek dit? Want meestal lyk dit nie asof die Jordaan voor my gaan opdam nie

- **Jy kan net die Jordaan binneloop as jy die ark op jou skouer het.**

Die Here het vir Joshua uitdruklik gesê wat hy moet doen. Hy het toe reg gehoor, dit gedoen en die Here het ingegryp. Hy verwag vandag dieselfde: jy kan nie halfpad met die ark loop nie nie.

- Jy het die ark op jou skouers as jou ore by die Here se Woord is. Want die Woord is vandag die simbool van die teenwoordigheid van die Here.

Dit is die grootste oorsaak van situasies wat hande uit ruk in kinders van die Here se lewens: hulle luister nie die Woord van die Here nie! Hulle bid en doen baie ander dinge, maar staan nie in 'n verhouding met die Bybel nie en dan wonder hulle hoekom is hulle bitter, vernederd en seer en hoekom die waters nie wil opdam nie. Soos die volk van ouds is hulle daar as die Here wonderwerke doen, hulle bid saam, sing saam… maar hoor nie. Dan manipuleer hulle, pak die skuld op ander, raak woedend oor wat ander doen, spoeg vuurwerke uit…

Hoe lyk jou verhouding met die Woord van God? Wat het die Here al vir jou gesê oor jou Jordaan toe jy met Hom daaroor uit die Woord gepraat het en jou voete in die water gesit het? Daar is meer as net 'n slegte vermoede dat die meeste mense ***NIKS*** op die vraag kan antwoord nie, want daar was nie 'n ark op hulle skouers nie. Hulle doen nie die moeite om soos Joshua by die Here te hoor en dan die beamptes opdrag te gee van presies hoe die waters binne geloop moet word nie - hulle sorteer dinge sommer self en gou-gou uit.

- 'n Kind van die Here wat sonder krag is, het nog nie gehoor nie en dra nie die ark op sy skouers nie!

Daarmee tref die werklikheid: ***ek is die Jordaan wat tot stilstand moet kom.*** Ek is die een wat rof is en ingebreek moet word, ek is die een wat opgedam moet word. My natuurlike reaksie is om terug te trek en weereens te sê dat ek dit nie nodig het nie - die ander mense rondom my moet tot inkeer kom, maar ek kan my situasie hanteer!
Solank as wat dit jou houding is, sal jou lewe in die jaar wat kom uit woedende waters bestaan en droë grond sal net 'n teorie bly. Klim gerus van die troon van jou lewe af en kom buig baie laag voor die Here en sien jou soos die Here jou sien: ‘n hulpelose mens in moeilike waters. En die werklikheid maak seer. Want die Jordaan is rof en groot. Boonop is die trots enorm en menslik klim jy nie vanself daaruit nie. Die rivier word 'n ongemaklike besigheid want jy moet stilbly en die fout by jouself gaan soek. Min mense sien daarvoor kans en gaan eerder aan om te blameer, foute te soek en weg te hardloop. Dit is die pad vir die nuwe jaar, maar as ek rondom my kyk sien ek dat genesing 'n onmoontlikheid is want ons hoor maar ons hoor nie en ons sukkel sink-sink om kop bo water te hou en die riviere bly vol! Die woede in God se hart oor die dikkoppigheid van die mens moet verskriklik wees. Dat Hy ons nie aan die oorkant van die Jordaan sommer so en sito-sito sal toelaat nie, is duidelik.

Goddank dat daar iets in die geskiedenis gebeur het wat die goed in perspektief plaas. Op 'n onverklaarbare manier het God Hom in die plek van die mens kom sit en toe namens die mens

kom riviere stilmaak en altare bou. Jesus wat 'n deel van God is, het mens geword en in die waters van die lewe kom induik sodat daar vir ons droë grond aangedui kan word. Die volle geweld van die Jordaan van die sonde het Hom getref.

- Dit is die hart van die evangelie. Wie dink dat hy met sy watertjies en soeke na droë sypaadjies by God verby kan kom, verstaan nie wat Jesus kom doen het nie.

In die slae wat Hy gekry het, is lewe te kry. In Hom wat die woede van die leweswaters kom trotseer het, het daar genesing gekom vir diegene wat besig is om te sink of alreeds gesink het.

Ja, situasies van die lewe in die nuwe jaarkan net hanteer word as God die ark is wat saam met jou die Jordaan binneloop (Ps 46:2-4,6). Ons het meestal nie ‘n idee hoe om die lewe te hanteer nie, maar Jesus se uitnodiging is onomwonde:dat Hy die waters sal wegkeer (Mat 11:28).

- Hoe? Stap ‘n nuwe tyd saam met God binne met‘n nuwe verbond/ooreenkoms!

Jy maak 'n *besluit van jou wil* dat jy die Here gaan vertrou en niks anders gaan doen as om die altaar te bou wat die Woord vir jou sê om te doen nie. Want dan is jy besig om uit 'n posisie van mag en sekuriteit van bo-op die Rots van die lewe jou waters van die lewe rondom jou te beklim. *So wys jy wie is regtig binne jou aan die werk.* Vertrou Hom, want Hy weet wat Hy doen. **Met die ark op jou skouers en die Woord in jou lewe moet jy jou voete in die water sit en begin loop.** Daar is net een manier om die Here se krag te toets in die tyd wat kom: moenie weghardloop vir die Jordaan nie, sit jou voete in die water en vertrou die Here. Al kolk die waters en al lyk dit of dit jou onder gaan kry, moet jy loop! Dit is die enigste manier om uit te vind waar en wanneer die Here die Jordaan op sy plek sal laat opdam. Miskien doen Hy dit dadelik, miskien moet jy eers sink, dalk is daar ander droë grond wat wag op ontdek te word… daar is nir 'n resep vir die loop in die water nie! Maar met die ark op die skouers moet ons loop want die Jordaan gaan nie sommer verdwyn nie. Maar daar gaan 'n vrede en sagtheid in jou hart kom en 'n krag in jou lewe openbaar dat die Here met jou op pad is na die ander kant van die Jordaan!

Twee lastige gedagtes: (1) *Watter altare het jy vir die Here gebou in die ou jaar?* Het jy al klippe bymekaar gemaak wat uit die hart van die Here kom? As jy altare gebou het wat permanent is sodat ander later kan vra wat dit beteken, het jy al die ark op jou skouers gehad en was jy in die Jordaan! As jy niks kan wys nie, is jy 'n meeloper wat gesien het hoe ander die Jordaan trotseer en jy aanbid by die klippe wat hulle bymekaar gemaak het. Ongelukkig gaan hulle jou nie deur die Jordaan dra nie.
(2) *Waar het jou teenwoordigheid so ‘n verskil gemaak dat jy die water weggekeer het en ander van ‘n gewisse dood gered het?* Watter getuienis kan jy vandag vertel toe jy in die water ingestap het en ander namens die Here gered het uit ‘n watermassa wat hom onder gekry het? As jy niks kan vertel oor die dag toe jy namens Jesus ‘n redder geword het nie, is jy ‘n meeloper en die oorsaak dat die kinders nie meer vra wat beteken die altaar wat vir die Here gebou is nie!

Wat en hoe is jou Jordaan se waters en wat haal jou situasie uit jou uit in die tyd wat kom? Gaan haal die ark en loop die water binne. Moenie self begin brue bou nie want dit gaan verseker boemerang op jou. Gee die Here Jesus outoriteit oor jou waters en leef in sy krag. Hou vas aan sy beloftes. Dan sal ons kinders vir ons in die nuwe jaar vra wat beteken al die dinge en ons sal kan vertel dat daar ‘n lewende God is wat sorg en op die hande dra, al is die waters hoe rof!

Amen.